# KLETSNUUS 2026

## GELOOFSGEMEENSKAP

MAART 01

**LIEF EN LEED**

*Enige persoon wat behoefte het aan pastorale ondersteuning en/of geestelike hulp van die een of ander aard, is welkom om ds Willie de Beer te kontak by*

*082 442 7477*

Laat asb die kekkantoor weet van siekte/dood/nood in jou gesin, of as jy van iemand weet wat hulp nodig het.

# VERJAARSDAE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 03/01 | Slabbert | Koenie | 0833786289 | W05 |
| 03/03 | Pienaar | Marius | 0825619400 | BW1 |
| 03/04 | Muller | Gerda | 0728074133 | W07 |
| 03/05 | de Villiers | Lienke | | BW1 |
| 03/05 | Kotze | Suzette | 0824949253 | W04 |
| 03/06 | De Jager | Johannes | | BW2 |

## BYBELSKOOL

*Vanmiddag om 17:00 gaan ons weer voort met die bybelskool.*

*Ons kyk na verskillende literatuursoorte wat in die Bybel voorkom en hoe verskillede skrywers hiervan gebruik maak om hulle stories te vertel.*

*Dit is 'n baie interresante studie, moet dit nie misloop nie .*



# SONDAGSKOOL /WES-WEG JEUG / JONGMENSE

**Sondagskool gaan soos normaal voort vandag**

***WesWeg JEUG***

*(gr 7 tot gr12) :  Sien julle vanaand om 17:00*

**Ons is opsoek na hulp by die Sondagskool.**

**Stel jy belang?**

**Skakel asb Yolandi 076 128 9040**

# WÊRELDBIDDAG VIR MANS

MONWES Gemeente

**WAAR:** by die NGK Mon-Wes
**ADRES**: Kalkoenstraat 38,
Monumentpark-Wes
**WANNEER**: 6 Maart 2026
**TYD**: 05:30

**Koffie en Muffins word voorsien**

***Kom wees Broos saam, Biddend saam***
***Mans saam***






# Ons gemeente se dames sluit by Huis HJ Piek aan vir die biddag


DORPSFEES
14 /03 /2026
KOS · KOEK · PRET
FOOD · CAKE · FUN
Kaart fasiliteite beskikbaar/ Card facilities available
5km fun run
@ 08:00
NG MonWes Kalkoenstr 38
MONWES
Gemeente


DORPSFEES
14 /03 /2026
5km Fun Run
@ 08:00
Kom bymekaar voor 8:00 by die kerkhek in Steenloper straat
NG MonWes Kalkoenstr 38
MONWES
Gemeente

# SKENKINGS VIR DORPSFEES



| | |
|---|---|
| EIERS | 10X 500G SPAR BAK MARGARIEN |
| MEEL | VERSIERSUIKER |
| OLIE | CACAO |
| WIT SUIKER | MELK |
| | 10 BLIKKE KARAMEL |

NAAMLYSTE IN INGANGSPORTAAL AS JY NOG JOU NAAM WIL OPSIT VIR HULP

BOEKE EN WIT OLIFANTTAFEL ITEMS KAN JUL KERK TOE BRING

# WEEKLIKSE AKTIWITEITE

- **BYBELSTUDIE**

  Dinsdag oggende 10:00 – 11:00

  Lapa

- **MANNEBEDIENING**

  Vrydag oggend 05:30 tot 06:15

  Lapa

- **BYBELSKOOL**

  Sondag aand 17:00 – 18:00

  Lapa



# ONS BID VIR ONS VERVOLGDE BROERS EN SUSTERS

Die top 50 lande waar Christene die meeste vervolg word volgens die Wêreldwaarnemingslys (WWL) van Geopende Deure:

**Metodiek van die WWL**: Die internasionale span toegewyde navorsers werk nou saam met ander kundiges wat op streeks-, nasionale en sub-nasionale vlak werk. Sommige van hulle is Geopende Deure-personeel, terwyl ander eksterne konsultante is. Die span doen navorsing oor die vervolging van Christene op 'n stewige grondslag wat daarop gemik is om vakkundige ondersoek te deurstaan en akademiese leiding aanvaar. WWL versamel en publiseer al sedert 1992 gedetailleerde data oor die vervolging van Christene.

Kom ons wees elke dag dankabaar vir ons 'vryheid' in SA en bid ook dat die deure vir die Evangelie ons land vir altyd sal oop bly.

*Groetnis,*
*Getuieniskommissie*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Noord-Korea | 14. Myanmar | 27.Tajikistan | 40. Kyrgyzstan |
| 2. Somalia | 15. Mali | 28. Laos | 41. Turkye |
| 3. Yemen | 16. Burkina Faso | 29. Demokratiese Rep vd Congo | 42. Egipte |
| 4. Sudan | 17. China | 30. Mexiko | 43. Comoros |
| 5. Eritrea | 18. Irak | 31. Tunisië | 44. Katar |
| 6. Sirië | 19. Maldives | 32. Nicaragua | 45. Kazakhstan |
| 7. Nigerië | 20. Algerië | 33. Bangladesh | 46. Nepal |
| 8. Pakistan | 21. Mauritanië | 34. Bhutan | 47. Columbië |
| 9. Libië | 22. Sentral Afrika Rep | 35. Burmekistan | 48. Chad |
| 10. Iran | 23. Morokko | 36. Ethiopië | 49. Jordanië |
| 11. Afganistan | 24. Kuba | 37. Cameroon | 50. Brunie |
| 12. Indië | 25. Uzbekistan | 38. Oman | |
| 13. Saudi-Arabië | 26. Niger | 39. Mozambique | |

## Die Reis deur Lydenstyd: Van Woestyn na Opstanding

Gedurende die sewe weke van Lydenstyd beweeg ons as gemeente saam op 'n geestelike reis - van stilte en selfondersoek na hoop, en uiteindelik na die vreugde van die opstanding. Die blommerangskikking voor in die kerk verander elke week doelbewus om hierdie geloofspad visueel te weerspieël. Dit begin eenvoudig en sober, met natuurlike elemente wat die woestyntyd simboliseer, en ontwikkel geleidelik met nuwe kleure, groei en simboliek soos ons nader beweeg aan Paasfees. Teen die einde word dit 'n viering van lewe en oorwinning., 'n herinnering dat God nuwe lewe bring waar daar eens droogte was, en dat Christus se opstanding ons hoop en vreugde is.

### Week 1: Die Woestyn: Stilword voor God

Die rangskikking begin baie eenvoudig en amper kaal, met droë takke en natuurlike kleure. Dit simboliseer die woestyntyd van stilte, selfondersoek en afhanklikheid van God. Ons word genooi om ons harte voor Hom oop te maak.

### Week 2: Omkeer: Terugkeer na God

'n Klein teken van groen word bygevoeg — 'n simbool van nuwe begin en groei. Bekering begin dikwels met klein keuses wat mettertyd verander in 'n nuwe rigting van lewe saam met God.

### Week 3: Hoop: Genade breek deur

Sagte kleur verskyn vir die eerste keer. Dit herinner ons dat God se genade reeds besig is om nuwe lewe te bring, selfs wanneer die pad nog ernstig en sober is. Hoop begin sigbaar word.

**Week 4: Volharding: Krag vir die Pad**

Die rangskikking kry meer vorm en hoogte. Dit simboliseer geloof wat groei en sterker word. God gee krag vir die reis, en ons leer om met volharding aan te hou, selfs wanneer dit uitdagend bly.

**Week 5: Lig in die Struggle: Liefde word sigbaar**

Meer ligte kleure en helderheid kom by. Dit herinner ons dat Christus se liefde en opoffering die lig is wat deur die donker breek. Die pad na die kruis word duideliker.

**Week 6: Heilige Week: Die Pad na die Kruis**

Dieper kleure en sterker simboliek verskyn, wat Jesus se lyding en liefde voorstel. Hierdie week help ons om die erns van die kruis te verstaan en met dankbaarheid stil te staan by sy offer.

**Week 7: Opstanding: Lewe oorwin**

Die rangskikking verander na volheid, varsheid en oorvloed. Lig, nuwe lewe en vreugde simboliseer die opstanding. Waar daar eers eenvoud en soberheid was, is daar nou viering — want Christus leef.

1



# LIEFDESGAWES

Monumentpark-Wes
ABSA Brooklyn
Tjek rek: 1500 590 250
Takkode: 632005


EFT - Stuur bewys aan finansies@monwes.co.za

Kaartmasjien in finansies kantoor beskikbaar

kerkkantoor@monwes.co.za
finansies@monwes.co.za

Snap here to pay
SnapScan





# www.monumentparkwes.co.za